# Eldo-Gespreksgids

## Wat het jy in jou hand? Lukas 16: 1-13

Lukas 16:1–13 is een van Jesus se moeiliker gelykenisse. Op die oog af lyk dit asof Jesus 'n oneerlike bestuurder prys, maar dit is nie die punt van die verhaal nie. Jesus keur nie sy oneerlikheid goed nie; Hy vestig die aandag op sy doelgerigtheid. Die bestuurder besef dat sy huidige posisie nie vir altyd gaan hou nie en begin daarom baie ernstig dink oor wat hy met sy geleenthede doen. Wanneer die bestuurder geld afskryf, soos die vate olie, is hy besig om sy gedeelte van die wins af te skryf en nie die eienaar sin nie. Dus verloor die eienaar niks en daarom prys hy die bestuurder.

Die eerste hoorders sou die beeld van 'n bestuurder goed verstaan het. Ryk grondeienaars het dikwels bestuurders aangestel om hulle eiendom, skuld en besittings te hanteer. Die bestuurder was dus nie die eienaar nie; hy moes verantwoordelik omgaan met iets wat aan hom toevertrou is. Dit is 'n belangrike sleutel tot die verstaan van die gedeelte.

Jesus bring dieselfde beginsel na ons lewe toe. Ons praat maklik van **my** huis, **my** geld, **my** tyd, **my** vermoëns en **my** loopbaan. Vanuit 'n geloofsperspektief is ons egter eerder rentmeesters as absolute eienaars. Alles wat ons het, is uiteindelik 'n gawe van God.

Daarom sê Jesus in vers 10 dat iemand wat in die klein dinge getrou is, ook in die groot dinge getrou sal wees. Getrouheid begin dus nie eendag wanneer ons meer geld, tyd of invloed het nie. Dit begin by wat reeds vandag in ons hand is.

Jesus sluit af met die waarskuwing dat ons nie God en Mammon kan dien nie. Geld is nie op sigself boos nie, maar dit word gevaarlik wanneer dit ons identiteit, veiligheid en vertroue begin bepaal. Is jy in beheer van jou besittings, of is jou besittings in beheer van jou? Die vraag van hierdie gedeelte is daarom nie net: Hoeveel besit ek nie, maar eerder**:** Hoe gebruik ek dit wat God aan my toevertrou het? Die gedeelte wys na God se koninkryk. Dinge werk anders in die koninkryk, dit wat ons besit is deur genade aan ons gegee en daarom dink ons en hanteer ons dit anders.

### Gespreksvrae

- Watter dinge in jou lewe sien jy maklik as "myne", terwyl jy dit eerder as iets wat aan jou toevertrou is, behoort te sien?
- Op watter klein, praktiese gebied vra God tans van jou groter getrouheid?
- Hoe kan 'n mens raaksien wanneer geld, besittings of sekuriteit besig is om 'n groter plek as God in jou lewe in te neem?